

# Die brief *aan die* Hebreërs, en aan ons



## SABBATMIDDAG

### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Hebreërs 2:3, 4; 1 Petrus 4:14, 16; Hebreërs 13:1–9, 13; 1 Konings 19:1–18; Hebreërs 3:12–14; Numeri 13.*

### Geheeteks: “Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het” (*Hebreërs 10:36, NLV*).

**H**et jy al ooit gewonder hoe dit sou wees om Jesus of een van die apostels te hoor preek? Ons het geskrewe uittreksels en opsommings van sommige van hierdie preke, maar die genoemdes is slegs voorstellings van hoe dit moontlik as preke waardeer kon word. Nogtans het die Here ten minste een so ’n volledige preek vir ons behoue laat bly in die Skrif: Paulus se brief aan die Hebreërs.

Paulus, die skrywer van Hebreërs, verwys na sy eie werk as ’n “woord van vermaning” (*Heb. 13:22*). Hierdie uitdrukking was gebruik om dit as ’n preek te identifiseer – by die sinagoge (*Hand. 13:15*) en by die Christelike samekomste vir aanbidding (*1 Tim. 4:13*). Daarom is Hebreërs, argumentshalwe, die eerste “volledige christelike preek” wat daar is. Die brief aan die Hebreërs is gerig aan die gelowiges wat Jesus aanvaar het, en daarna talle uitdagings ervaar het. Sommiges was in die openbaar verneder en vervolg (*Heb. 10:32–34*). Ander weer, het geldelike probleme in die gesig gestaar (*Heb. 13:5, 6*). Vele was moedeloos en het begin om hulle geloof te bevraagteken (*Heb. 3:12, 13*). Kan jy jouself of jou omstandighede hiermee vereenselwig?

Toe het die apostel egter, tydens ’n roerende preek, die gelowiges (en by uitstek, ook vir ons) voor ’n uitdaging gestel: om te volhard in die geloof in Jesus; om hulle oë gevestig te hou op Jesus, wat nou in die hemelse heiligdom is.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Januarie.*

## 'n Glorieryke begin

Ten einde die preek te verstaan en die boodskap wat dit omsluit, op ons van toepassing te maak, is dit nodig dat ons die agtergrondgeskiedenis en die omstandighede van die gemeente moet verstaan, toe hulle hierdie brief van die apostel ontvang het.

### **Lees** Hebreërs 2:3, 4. **Wat was die ervaring van die gehoor van Hebreërs toe hulle die eerste keer tot bekering gekom het?**

---

---

Hierdie gedeelte impliseer dat die gehoor van Hebreërs nie Jesus self gehoor preek het nie. In plaas daarvan, het hulle die boodskap ontvang van ander evangeliste wat die evangelie van verlossing [ die “saligheid”] verkondig het.

Paulus verklaar ook dat die evangeliste die boodskap aan hulle “bevestig” [het] en dat die Here saam “getuig deur tekens en wonders” (*NLI*). Dit beteken dat die Here ervaringsbevestiging van die evangelie gegee het en andere met “kragtige dae en gawes van die Heilige Gees ... toebedeel het volgens sy wil” (*NLI*). Die Nuwe Testament bevestig dat “tekens soos wonders en kragtige dae en gawes, en die uitstorting van die Heilige Gees” dikwels deel was van die prediking van die evangelie by nuwe plekke.

Aan die begin van die Christelike kerkstigting, het die Here Sy Gees uitgestort oor die apostels in Jerusalem sodat hulle aan almal die evangelie in ander tale, alhoewel onbekend aan hulle, begin verkondig het en onder Sy leiding wonders verrig het (*Hand. 2, 3*). Filippus het soortgelyke wonderwerke gedoen in Samaria (*Hand. 8*); Petrus in Joppe en Sesarea (*Hand. 9, 10*); en Paulus regdeur sy bediening in Klein-Asië en Europa (*Hand. 13–28*). Hierdie kragtige dae was lewende bewyse wat die boodskap van “saligheid” bevestig het – die vestiging van die koninkryk van God en die verlossing van veroordeling, asook bevryding van die bese magte (*Heb. 12:25–29*).

Die Heilige Gees het die vroeë Christen-gelowiges tot die oortuiging gebring dat hulle sondes vergewe was; dus, was hulle nie bang vir die oordeel nie. En gevolglik was hulle gebede vurig en opreg; hulle het hulle eendragtig toegespits op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid (*Hand. 2:37–47*). Die Gees het ook mense wat duiwelbesete was, vrygemaak. Dit was voldoende bewyse van die oppermag van God oor die bese geeste en het openbaar dat die koninkryk van God gevestig was in hulle lewens.

**Hoe lui jou verhaal van hoe jy tot bekering gekom het? Op watter maniere het jy tot oortuiging gekom van jou geloof in en jou geloofsverhouding met Jesus Christus as jou persoonlike Saligmaker en Here? Waarom is dit goed om dikwels te dink aan hoe God begin het om in jou lewe te werk sodat jy nader aan Hom kon kom?**

## Die worstelstryd

Wanneer gelowiges hulle geloof in Christus bely en by die kerk aangesluit het, het hulle 'n grensteken gestel wat hulle onderskei het van die res van die gemeenskap. Ongelukkig het dit 'n bron van konflik geword omdat dit vanselfsprekend 'n negatiewe oordeel op hul gemeenskap en gemeenskapswaardes gebring het.

**Lees** Hebreërs 10:32–34 en Hebreërs 13:3. **Wat het die gehoor van Hebreërs ervaar na hulle bekering?**

---

Dit blyk dat die lesers van Hebreërs verbale en fisiese lyding deurgemaak het aan die hande van die oproerige skares en teenstanders (*lees bv.: Hand. 16:19–22, Hand. 17:1–9*). Hulle het in die gevangenisse beland, nadat hulle moontlik geslaan is, want die amfshoofde het die mag gehad om lyf- en tronkstraf af te dwing – dikwels sonder dat die regte kanale vir regstappe gevolg was met die inwin van inligting en bewyse (*lees bv.: Hand. 16:22, 23*).

**Lees** Hebreërs 11:24–26 en 1 Petrus 4:14, 16. **Hoe help die ondervindings van Moses en dié van die lesers van 1 Petrus ons, om te verstaan waarom Christengelowiges vervolgt was?**

---

Om “die smaad of lyding van Christus te dra,” beteken eenvoudig net om 'n mensself so met Christus te vereenselwig en die vernedering en lyding te verdra wat so 'n vereenselwiging impliseer. Openbare opstand teen Christene was die gevolge van hulle onderskeie godsdienstige oortuigings. Mense neem dikwels aanstoot deur ander se godsdienstryke wat hulle nie verstaan nie, of weens ander se leefstylbeoefening en sedes wat moontlik in hulle gevoelens van skuld of vernedering opwek. Teen die middel van die eerste eeu v.C., het Tacitus (senator en goewerneur van die Romeinse Ryk) Christene skuldig verklaar aan ‘haat teenoor die mensdom.’ — Alfred J. Church en William J. Brodribb, trans., *The Complete Works of Tacitus*, (New York: The Modern Library, 1942) *Annals* 15.44.1. Wat ook al die juiste rede vir daardie aanklag (wat beslis vals is) was, het talle vroeë Christene, soos vir diegene waarvoor Paulus hierdie brief geskryf het, gely vir hulle geloof.

**Elkeen, of jy nou 'n Christen is of nie, het 'n stryd en maak lyding deur. Wat beteken dit egter om te ly ter wille van Christus? Hoeveel lyding wat ons in die gesig staar, is ter wille van Christus, en hoeveel lyding word veroorsaak deur ons eie keuses en/of besluite?**

## Malaise (uitspraak: ma-lé'ze)

Die lesers van Hebreërs het te midde van verwerping en vervolging, volhard in hulle geloof en trou aan Christus. Die stryd het egter baie van hulle geveg. Hulle het die goeie stryd gestry en die oorwinning behaal; tog het 'n malaise (terneergedruktheid of swaarmoedigheid) geheers onder die gelowiges.

**Lees** Hebreërs 2:18; Hebreërs 3:12, 13; Hebreërs 4:15; Hebreërs 10:25; Hebreërs 12:3, 12, 13; en Hebreërs 13:1–9, 13. Watter uitdagings het die gelowiges in die gesig gestaar?

In die brief van Hebreërs lees ons dat die gelowiges voortdurend voor struikelblokke te staan gekom het. Daar was gedurigdeur verbale en ander soorte aanvalle op hulle geloofs. (*Heb. 13:13*). Sommige gelowiges was steeds in die gevangenis (*Heb. 13:3*)— 'n faktor wat die kerk beslis finansiële en psigies of geestelik kon belas. Die gelowiges was terneergedruk met “slap hande” en “lam knieë” (*Heb. 12:12-13, NLV*) en kon maklik verder “geestelik moeg word en uitsak” (*Heb. 12:3, NLV*).

Dit is nie ongewoon dat die sielkundige en algehele weerstand van 'n persoon of gemeenskap, na die opwinding van welke oorwinning, psigies afplat nie; dat 'n persoon of gemeenskap se weerstand daarna, binne die geestelik-psigiese sfeer, meer kwesbaar is vir die aanval van die vyand nie. Die geesteskrag en -energie wat 'n persoon of gemeenskap opbou om weerstand te bied teen 'n bedreiging, is baie moeiliker om vir 'n tweede keer te vestig.

**Lees** 1 Konings 19:1–4. Wat het met Elia gebeur?

“Maar 'n swaarmoedigheid het oor Elia gekom na sy besondere hoë geestelike ervaring van sterk geloof en hemelse sukses. Hy was vreesbevange dat die hervorming wat op Karmel begin is, nie sou voortduur nie. En 'n beswaarde gemoedstoestand, oorweldig deur depressie, het hom psigies verlam. Hy was verhoop op die pieke van Pisga; nou was hy egter op moedverloor se vlaktes. So lank as wat hy onder die vleuels van beskerming van die Allerhoogste was, kon hy die gedugte aanvalle teen sy geloof weerstand bied, maar in hierdie tyd van wanhoop, met Isébel se dreigemente wat in sy ore weerklink, het Satan die oorhand gekry deur die samesweringe van hierdie goddelose vrou; Elia het sy greep van geloof [op God] verloor. Hy was in 'n hoë mate verhoop, en die gevolge was vreeslik. Met God in die vergetelheid, het Elia voortgevlug totdat hy homself alleen in die woestyn bevind het.” —Ellen G. White, *Prophets and Kings*, ble. 161, 162. [Vry vertaal]

**Dink aan daardie oomblikke toe jy gevoel het dat jy in jou geestelike lewe gefaal het, en probeer het om die omstandighede en faktore te verstaan wat tot daardie situasie bygedra het. Wat kon jy anders gedoen het?**

## Om saam te volhard in geloof

Wat het die apostel die lesers aangemoedig om te doen ten opsigte van hulle situasie? Wat kan ons leer uit die brief van Hebreërs, wat tot ons voordeel sal wees? Kom ons ontleed die Here se herstelplan vir die moedlose Elia.

### **Lees** Konings 19:5–18. Wat het God gedoen om die geloof van Sy dienskneg, Elia, te herstel?

---

Die Here se ontferming oor en behouding van Elia na sy ervaring op die berg Karmel, is ’n aangrypende verhaal; dit toon God se tere sorg en wysheid waarmee Hy diegene bedien wat in verknorsings of ellende verkeer, en wat sukkel om hulle vertrou te herwin. God het hulp aan Elia gebied op ’n omvattende wyse: Eerstens het Hy in Elia se fisiese behoeftes voorsien. Hy het voedsel voorsien en Elia laat rus. Daar in die grot [spelonk] het die Here Elia vriendelik vertroos: “Wat maak jy hier, Elia?” (NLV) — en hom gehelp om ’n dieper insig te hê van Sy werkinge en hoe Hy Sy planne vervul. Die Here was nie in die wind, die aardbewing, of die vuur nie, maar in die ”fluistering van die windstille”. Daarna was Elia deur God toegerus vir sy taak, met die versekering dat die Here met hom sou wees.

### **Lees** Hebreërs 2:1, Hebreërs 3:12–14, Hebreërs 5:11–6:3, en Hebreërs 10:19–25. Wat behels Paulus se bemoediging aan die gelowiges?

---

Regdeur die brief van Hebreërs is daar verskeie instruksies wat die apostel aan die lesers van Hebreërs gee ter ondersteuning en herstel van hulle aanvanklike ywer en geloof in hulle Christelike lewenswandel. Die skrywer beklemtoon die aspek van omgee en die versorging van hul medegelowiges se fisiese behoeftes. Hy wys daarop dat hulle gasvryheid moet beoefen en deur gevangenisbediening daar moet voorsien in die bepaalde behoeftes. Die apostel moedig die lesers ook aan om vrygewig te wees, terwyl hulle gedagtig daaraan moet bly dat die Here hulle nie sal versak nie (*Heb. 13:1–6*). Paulus vermaan en moedig hulle aan om nie mettertyd “weg [te] drywe” nie (*Heb. 2:1, NLV*); om toe te sien dat daar nie ’n “verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan” en hulle van “God afvallig word nie” (*Heb. 3:12, NLV*). En hy bemoedig hulle om te groei in die geloof (*Heb. 5:11–6:3*). Verder beklemtoon hy die belangrikheid van gereelde bywoning van kerkbyeenkomste (*Heb. 10:25*). In sy slotrede stel hy voor dat hulle saam moet volhard in die geloof, mekaar moet bemoedig en liefhê, goeie werke doen, maar ook dat hulle die oog gevestig hou op Jesus en Sy bediening in die hemelse heiligdom vir hulle (*Heb. 8:1, 2; Heb. 12:1–4*).

## Hierdie laaste dae

**Lees** Hebreërs 1:2; Hebreërs 9:26–28; Hebreërs 10:25, 36–38; en Hebreërs 12:25–28. Watter punt beklemtoon Paulus hier, in besonder met verwysing na tyd?

---

---

Daar is ’n baie belangrike element wat die apostel beklemtoon en wat dringendheid toevoeg aan sy vermaning: die lesers lewe in die heel “laaste dae” (*Heb. 1:2*) en die beloftes staan op die punt van vervulling (*Heb. 10:36–38*). Ons sal opmerk dat Paulus regdeur die brief sy gehoor vergelyk met die woestyn-generasie wat by die grens van Kanaän staan – gereed om die Beloofde Land binne te gaan. Hy herinner hulle:

“Nog net ’n ‘kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie talm nie’ ” (*Heb. 10:37, NLV*). En dan spoor hy hulle aan: “Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe” (*Heb. 10:39, NLV*). Hierdie laaste aanmaning herinner die lesers, en ons, aan die gevare wat die volk van die Here in die verlede ervaar het voor die vervulling van die beloftes van die Here.

Die boek Numeri, deel dieselfde waarskuwing, waar dit opgeskrywe is dat Israel twee keer groot nederlae gely het – en dit net voor die intog na die Beloofde Land. Die eerste nederlaag word weergegee in Numeri 13 en 14, toe gerugte deur verskeie leiers versprei is na die gemeenskap. Dit het veroorsaak dat die hele volksvergadering hulle geloof in God versak het. Gevolglik het die hele volksvergadering besluit om ’n nuwe leier aan te stel en na Egipte terug te keer – en dit terwyl hulle op die grense gestaan het van die Beloofde Land!

Die tweede nederlaag is aangeteken toe Israel by Baäl-Peor verstrik geraak het in seksuele onsedelikheid en afgodediens (*Numeri 24, 25*). Gedurende Bileam se sloerdery om ’n vloek oor Israek uit te spreek, het Satan vir Israel deur seksuele verleiding laat swig voor afgodediens en sonde, en so is die Here se misnoë oor Israel gebring.

Die apostel waarsku die lesers van Hebreërs teen beide gevare. Eerstens vermaan hy hulle om vas te hou aan die belydenis van hulle geloof, en om hulle oë gevestig te hou op Jesus (*Heb. 4:14, Heb. 10:23, Heb. 12:1–4*). Tweedens vermaan hy hulle teen onsedelikheid en inhaligheid [geldgierigheid] (*vgl. Heb. 13:4–6*). Laastens, vermaan hy hulle om te dink aan hulle voorgangers en leiers se voorbeeld en gehoorsaamheid (*Heb. 13:7, 17*).

**Inagnemende ons standpunt oor die toestand van die dode, en soos ons ons oë in ’n oogwink mag toemaak met ons dood, om daarna die Wederkomsgebeure te aanskou, hoe kan ons sê dat almal gelewe het in die “laaste dae”?**

---

**Vir verdere studie:** David A. DeSilva verduidelik waarom die vroeë Christene gely het onder vervolging: “Christene het ’n leefwyse gehandhaaf wat . . . as anti-sosiaal en selfs ondermynend, beskou was. Lojaliteit aan die gode, soos getoon deur die vrome bywoning van offerrituele en ander afgodediens, was beskou as ’n simbool van lojaliteit aan die regering, die staatshoofde, vriende en familie. Die sodanige aanbidding van die gode was simbolies van ’n persoon se lojaliteit aan, of respek teenoor die verhoudings of regeringstelsel wat die gemeenskap se stabiliteit en voorspoed bewerk of daargestel het. Deur te weier om hierdie genoemde lojaliteit of eerbied te betoon, was die Christene (die Jode) met agterdog bejeën en beskou as moontlike skenders van die wette en [as] ondermynende elemente binne die ryk.”—*Perseverance in Gratitude* (Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing Company, 2000), bl. 12.) [Vry vertaal]

“Vir die moedelose is daar ’n besliste geneesmiddel – geloof, gebed, werk. Geloof en onselfsugtige bedrywigheid in die werk van God, sal dag na dag versekering en sielsbevrediging bied. Ervaar jy die versoeking om in te gee onder gevoelens van angstigheid of terneergedruktheid? In die moeilikste tye, wanneer alles oorweldigend skyn te wees, moet ons nie bang wees nie. Vertrou op God. Hy ken jou behoeftes en nood. Hy is almagtig. Hy is die onuitputlike Bron van oneindige liefde en medelyde. Vertrou op Hom, want Hy faal nooit en Sy beloftes staan vir ewig. Hy is die ewige waarheid. Hy sal nooit Sy verbond verbreek wat Hy met die wat Hom liefhet, gesluit het nie. En Hy sal op Sy getroue werkers die mate van seën uitstort wat hulle behoefte vereis. Die apostel Paulus getuig: “Sy antwoord was: ‘My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.’ . . . Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. . . . Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.” 2 Korinthiërs 12:9, 10.

—Ellen G. White, *Prophets and Kings*, ble. 164, 165.

## Vrae vir bespreking:

- ① Is dit moontlik om “anders te wees” weens ons Christelike oortuigings, en terselfdertyd nie beskuldig te word van “afskeiding” en “ontwyking van andere” nie? Indien wel, hoe is dit moontlik?
- ② Die woord “vermaning” [Eng.: > ‘exhortation’] in die Bybel kan waarskynlik verwys na beide berisping en bemoediging. Hoe behoort ons ’n persoon te vermaan wat mismooedig is?
- ③ Watter ooreenkomste is daar tussen die ervaring van die lesers van Hebreërs en die gemeente van Laodisea in Openbaring 3:14–22? In watter opsig is ons ondervinding vandag, tweeduisend jaar later, dieselfde as hulle s’n, en wat behoort ons te leer uit die ooreenkomste?